

## Gereformeerde Kerk Bellville – 31 Mei 2015 – oggend

**Sing vooraf staande:** Psalm 30:2, 3 (p. 138)

- 2 My God, U het my op my klag / genees, en al my smart versag;  
U het my siel, deur ang's beroer, / diep uit die graf weer opgevoer,  
U het my om die wederstrewer / nie aan die grafkuil oorgelewer.
- 3 Sing nou, Gods gunsgenote, bly, / 'n danklied aan die HEER gewy.  
Spreek lof, bring in gedagtenis / sy Naam wat hoog en heilig is!  
Al laat Hy ons 'n oomblik bewee, / sy goedheid duur ons ganse lewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 148:1, 5 (p. 711)

- 1 Loof uit die heemle, loof die HEER! / Loof in die hoogtes, sing sy eer!  
Loof, heil'ge eng'le, om sy troon, / die God wat in die hoogte woon!  
Loof almal saam, o leërmagte, / wat Hom omring as troue wagte!  
Loof, blink gesternte, maan en son: / Hy is van alle lig die bron.
- 5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;  
oor aarde en hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.  
Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:  
Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heela!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.  
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.  
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde  
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Gebed

Psalm 51:3, 6 (p. 261)

- 3 Dis nie dié sonde alleen wat roep om straf: / ek is in ongeregtigheid gebore,  
en lê voor U in doemskuld gans verlore / al van die uur van my ontvang'nis af.  
U eis is waarheid in my binnenst', HEER; / en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!  
Daal af in my verborge diepte en leer / my daar u wysheid, diep en menigvuldig.
- 6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak / wat ek moet mis, in sondesmart verlore;  
gee my gewilligheid, uit vreug gebore, / wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.  
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer: / "Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"  
Ek wil oortreders dan u weë leer, / bekering aan die sondaars bly verkondig.

**Skriflesing:** Efesiërs 2:1-10; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 5

**Kernvers:** Efesiërs 2:8-9

**Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself  
nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag  
roem nie.**

(Efesiërs 2:8-9 AFR53)

## **Dordtse Leerreëls**

### **Hoofstuk 1, Artikel 5**

*Die oorsaak of skuld van hierdie ongeloof, net soos van alle ander sondes, lê beslis nie by God nie, maar by die mens. Die geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom is egter 'n genadegawe van God. Soos geskrywe is: Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van God (Efes 2:8); ook: Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo (Fil 1:29).*

**Tema:** Die oorsaak van ongeloof en die Bron van geloof

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanoggend kom ons by die artikel uit waar die mens se verdorwenheid al duideliker na vore kom. En nou praat ons nie net van die verdorwenheid van die mense wat wat nie die evangelie van Jesus Christus wil glo nie. Ons eie verdorwenheid sal ook miskien nog vanoggend aan die lig kom. Die mens wil maar alte graag aan homself dink as die arme liewe mensie teenoor wie daar tog net nie hard opgetree moet word nie. Ons samelewing is nou al so vol van politieke korrektheid dat jy tog asseblief niks skerp en aaklig van 'n mens moet sê nie, want dan gaan almal jou skeef aankyk en die media hang dit aan die groot klok.

Daarom moet ons nie vergeet wat ons by die eerste artikel bely en uit die Woord van die Here gehoor het nie. In die skerp lig van God se heilige regverdigheid lyk die mens na die sondeval beslis nie soos 'n arme liewe skepseltjie met sulke groot waterige katogies wat jy net wil optel en druk nie. Die mens is 'n skepsel wat homself teen die Here verhef het en die Here se seggenskap oor hom ignoreer. Daar is nie net een of twee sulke vrot appels nie. Dit is die ganse mensdom wat van nature so is. Gaan kyk maar weer na die getuigskrif van die mensdom in Romeine 3.

Na hierdie droewige blik op die eiewyse mensdom het ons vaders ons aandag van die mensdom af op God gerig. God het sy liefde daarin geopenbaar dat Hy sy eniggebore Seun na hierdie wêreld gestuur het. Hy het na die mensdom gekom om te soek en te red, selfs al wou die mensdom niks van God weet nie. Met die oog daarop om mense te verlos het God sy Seun dus gestuur en tot vandag toe stuur Hy verkondigers van die evangelie van Christus na die mensdom. Op die prediking van die evangelie waarin die Here sy hart vol liefde en genade in Christus aan die mensdom toon is daar ongelukkig nie net 'n gelowige reaksie nie. Daar is ook mense wat nie die evangelie glo nie.

Ons wat die voorreg het om aan die voete van die Here groot te kon word en wat gereeld onder die geklank van die Woord is, weet dat ***geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom 'n genadegawe van God is***. Die Heilige Gees wek mos die geloof deur middel van die prediking van die evangelie in die mens se hart op. Die logiese vraag wat nou na vore kom is: Aangesien die oorsprong van geloof die werk van God die Heilige Gees is, wat is dan die oorsaak vir die ongeloof wat by so baie mense aangetref word?

Die vraag word doelbewus so gestel sodat die verdorwenheid van die mens se hart helder aan die lig kan kom. Die voor die hand liggende antwoord wat die mens vanuit sy oogpunt gee is dat die oorsaak van die ongeloof dan mos by God gesoek moet word. Aangesien geloof 'n gawe van God is, dan is ongeloof mos die gebrek aan die gawe van geloof. Baie mense in ons eie geleedere dink ook so al sê hulle dit nie hardop nie. Die Here het nou eenmaal nie sy Woord deur sy Heilige Gees toegepas in sommige mense se lewens nie, dus wat kan die arme ou mensie nou verder daaraan doen?

Geliefdes, laat ons nie voortgaan met hierdie onheilige gedagtes nie. Die Heilige Gees maan ons tot kalmte en besinning. Wanneer ons op hierdie trant voortgaan, dan doen ons

weer wat Adam en Eva skaamteloos gedoen het – ons ontken ons eie verantwoordelikheid. Omdat ons uitkyk op ons omstandighede so deur ons sondige natuur verwring en skeefgetrek is, neem ons sommer van die staanspoor af 'n houding in teenoor die Here. Sonder dat daar enige verslaentheid of skaamte by ons is, begin ons sommer dadelik die vinger na die Here wys. Selfs vandag nog wil die mens nie erken dat hy die skuldige sondaar is nie.

Wie op hierdie trant voortgaan om skaamteloos die skuld by die Here te soek vir die ongeloof van die mens, vorm in sy gedagtes die beeld van 'n wrede, nare God wat groot plesier daaruit put om mense om elke hoek en draai by te kom. Mag die Here ons ter wille van Christus genadig wees, want dit is nie hoe die Here Homself in sy Woord aan ons openbaar nie. Ons God is genadig en barmhartig, vol genade en geregtigheid.

Broers, susters en kinders, as ons die liefde van God helder wil raaksien, moet ons eers uit die Bybel hoor wat die werklike oorsaak van die ongeloof by die mens is. In Sondag 4 van ons Heidelbergse Kategismus kry ons 'n samevatting van hierdie leer uit die Bybel: **Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van Hom eis wat hy tog nie kan doen nie? Nee, want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen. Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof** (Heidelbergse Kategismus, Sondag 4:9).

God het die mens dus geskep om die evangelie te kan hoor, begryp en glo. Die mens het homself beroof van die gawes wat hy gehad het om die evangelie te hoor en te glo. Daarom kan die mense wat nie glo nie, nie 'n ander mens of selfs vir God blameer vir sy ongeloof nie. Hy self is te blameer vir sy ongeloof.

Ongeloof is dus nie iets waaroor die mens sy skouers kan optrek en sê: Wel, ek het nie geloof ontvang nie en daarom het ek nie eintlik skuld nie. Ongeloof is skuld! Die Here het reg daarop dat mense in sy weë sal wandel. Sy Woord vra om geloof. Ongeloof is meer as net die gemis aan geloof, dit is om skuldig te wees voor die hoë Majesteit! Die Here het geen aandeel daarin dat ons in Adam in die sonde geval het nie! God het dus nie die ongeloof bewerk nie. Ons het dit self teweeggebring.

Die sonde van ongeloof is selfs die ergste sonde wat daar bestaan. Waarom? Omdat ons nie die Here getrou ag nie. Ons wantrou die Here. Ons verwag meer van ons eie vermoëns as van die genadige almag van die Here! Hier sien ons weer die allereerste sonde van ons eerste ouers: Ons ag onself slimmer en belangriker as die Here.

Die Woord is baie duidelik oor die onwilligheid van die mens om te glo. Jesaja skryf:

**Want dit is 'n wederstewige volk, leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die Here nie wil hoor nie.** (Jesaja 30:9 AFR53)

Dit is nie dat die mens in die toekoms nie sal luister nie, maar eerder dat hulle nie wil luister nie. Ongeloof is niks anders as onwilligheid om te luister. Jesaja sê verder:

**Want so sê die Here HERE, die Heilige van Israel: In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertrou bestaan julle krag; maar julle wou nie.**  
(Jesaja 30:15 AFR53)

Weer beklemtoon die Here dat dit onwilligheid is. Die ongeloof kan nie toegeskryf word aan die evangelie asof dit onduidelik sou wees nie. Ongeloof kan ook nie aan omstandighede, soos politieke onrus of 'n huis vol onvrede, toegeskryf word nie. Dit is die mens se eie onwilligheid om na die evangelie te luister.

Luister ook na Jesus se uitspraak oor Jerusalem:

**Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en die wat na jou gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie.** (Lukas 13:34 AFR53)

Aan die Jode het Jesus gesê:

**Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie.** (Johannes 5:39-40 AFR53).

Die Heilige Gees was aan die werk, maar die Jode was onwillig om te glo. Hulle het Jesus self gehoor, maar wou nie na Hom toe gaan nie.

Die punt wat die Here in elkeen van hierdie Skrifgedeeltes maak, is dat die onwilligheid om te glo elke mens se eie skuld is. Omstandighede bepaal nie of 'n mens sal glo of nie. Ongeloof is nie 'n kwessie van *ek kan nie glo nie* nie maar eerder 'n kwessie van *ek wil nie glo nie*.

Nou kan 'n mens egter nie hier ophou om te praat oor die onwilligheid van die mens om te luister en te glo nie. Daar is immers ook gedeeltes soos Eksodus 4:21 waar die Here self sê dat Hy die Farao se hart sal verhard. En in Romeine 9 staan geskryf:

**So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil.** (Romeine 9:18 AFR53)

Kan 'n mens op grond hiervan tog die blaam vir die ongeloof op die Here afskuif, want dit is mos Hy wat 'n mens se hart verhard?

Ons weet dat God die Farao gestraf het. Hy het homself immers teen God verset van die begin af, want hy het, net soos ons, in die sonde geval en wou net die kwade doen. Ons kan ten minste sê dat die Here die Farao verhard sodat God Homself kan verheerlik. Ondanks sy voortdurende onversetlikheid het die Farao uiteindelik na die tiende plaag die Israeliete laat gaan, soos wat die Here aan Moses gesê het sal gebeur. Daarop kan ons net *amen* sê, want ons kom ook uit by die spanning tussen God se vrymag en die mens se verantwoordelikheid wat ons nie vir onself logies kan uitpluis nie.

Die slotsom waarby die Heilige Gees ons dus bring, is dat ongeloof 'n sonde is waaraan die mensdom hom van die sondeval af skuldig gemaak het. En wat ongeloof en elke ander sonde so erg en wreed maak, is dat dit 'n mens onder die toorn van God plaas. Die toorn van God beteken nie dat God sommer net speels kwaad is vir die mens nie. Om onder die toorn van God te wees beteken dat 'n mens in werklikheid vir die ewige dood opgeskryf is. Alle mense word van nature as kinders van die toorn gebore in hierdie wêreld, want ons is in sonde ontvang en gebore. God se toorn oor die sondige natuur waarmee ons gebore word en die sonde wat ons self doen is so verskriklik dat Hy dit met die tydelike en ewige oordeel moet straf. Dit is wat regverdig eintlik moes gebeur het met alle mense.

Ons mense is nogal daarop gesteld dat dinge regverdig moet gebeur. As iemand gesteel het, is dit regverdig as hy tronk toe gaan. As iemand goed gedoen het, is dit regverdig as hy daarvoor vergoed word. Die mensdom het egter God gewantrou en nie geglo toe Hy hulle oor die boom van alle kennis gewaarsku het nie. Opstandig het die mens self besluit wat vir hom goed sou wees, daarom het hy na die Satan geluister. God se regverdige optrede sou wees dat hierdie mensdom vernietig moes word.

Maar God doen egter die onverklaarbare. Aan hierdie mensdom wat eintlik die straf verdien, bewys God sy liefde. Hy stuur sy Seun na hierdie wêreld. In plaas daarvan dat Hy die mensdom vernietig, verbrysel Hy sy Seun aan die houtkruis. Hy laat die volle gloed van sy toorn op Christus afkom. God tree regverdig op teen die sonde – Hy straf dit soos wat Hy van die begin af gesê het Hy sal doen. En aangesien Jesus volmaak voldoen het aan die regverdige eis van sy Vader, wek sy Vader Hom uit die dood uit op, verhef Hom tot in die hemel en laat Hom aan sy regterhand sit. Hierdie verlossing deur Christus skenk God aan 'n wêreld wat eintlik die ewige dood verdien het omdat Hy die wêreld liefhet.

Jesus Christus en die volmaakte offer wat Hy aan die kruis gebring het, is dus 'n genadegawe van God. Die genade van God is die onverdiende guns wat Hy deur Jesus Christus aan die mensdom bewys. Maar dit is nie die enigste genadegawe van God aan die gelowige nie. Paulus het geskryf:

**Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God.** (Efesiërs 2:8 AFR53)

Die woorde **uit genade is julle gered** verwys na daardie verlossingswerk deur Christus. Maar hoe word hierdie verlossing dan nou 'n mens se verlossing sodat jy seker kan wees dat jy uit genade gered is? Hierdie verlossing word die mens se persoonlike verlossing slegs **deur die geloof**. Voordat ons by die Bron van hierdie geloof kom, moet ons net eers weer duidelikheid kry oor wat geloof behels.

Aan die hand van Sondag 7 bely ons dat ware geloof 'n vasstaande kennis is en 'n vaste vertroue. Hierdie kennis is eerstens kennis oor God soos wat Hy Homself in sy Woord aan ons openbaar. Hy is die heilige, regverdige God wat die wêreld liefhet. Tweedens is dit kennis oor onself soos wat die Here dit ook aan ons openbaar. Ons is sondaars wat skuldig staan voor God. In die derde plek is dit kennis oor God se liefde soos wat dit in Christus ten toon gestel word. Dit beteken 'n mens moet kennis van Christus hê van sy menswording af, sy sterwe aan die kruis, sy opstanding en hemelvaart. Hierdie is die basiese feite wat in die Bybel geopenbaar word wat 'n mens moet ken as deel van geloof. Maar dit is nie net blote kennis nie – dit moet vasstaande kennis wees. Dit beteken 'n mens aanvaar die feite as die volle waarheid omdat die God van waarheid dit aan ons vertel.

Ware geloof is egter nie net die vasstaande kennis nie, want dan sou die duiwels ook gelowiges genoem kon word. Hulle ken immers al hierdie feite en hulle weet dit is die volle waarheid. Ware geloof is ook 'n vaste vertroue in Jesus Christus en sy werk.

'n Vaste persoonlike vertroue kan soos volg geïllustreer word. 'n Mens kan al die tegniese dinge van 'n vliegtuig af weet en jy weet dit is alles die waarheid, want jy sien dit met jou eie oë. Verder weet jy ook dat hierdie vliegtuig kan vlieg, want jy het al baie maal gesien hoe hierdie vliegtuig opgestyg het en weer veilig geland het. Maar al hierdie feite en jou instemming dat dit alles waar is, gaan jou nie van punt A na punt B neem nie. Jy moet aan boord van die vliegtuig gaan. Met ander woorde, eers wanneer jou kennis jou daartoe bring om aan boord van die vliegtuig te gaan vertrou jy regtig.

'n Vaste persoonlike vertroue in Jesus Christus is wanneer 'n mens op grond van die vasstaande kennis jou hele lewe en die ewige bestemming van jou lewe ten volle aan Christus en sy volmaakte werk toevertrou. Dan maak 'n mens op niks anders meer staat as op Jesus Christus alleen om by God uit te kom nie. Deur hierdie geloof word 'n mens gered, maar dit kom nie uit onself nie.

Hierdie geloof – die vasstaande kennis sowel as die vaste vertroue – is nie natuurlik deel van die mens nie, want wantroue het alle geloof uit sy hart verdring. Dink maar net hoeveel keer jy al ernstige gelowiges gehoor wonder het of hulle genoeg vir die Here gedoen het. En as 'n mens daarvoor navraag doen, hoor 'n mens dat die wantroue weer besig is om die oorhand te kry. Van nature kan 'n mens maar net aanvaar dat Christus se offerwerk volmaak is vir die verlossing en niks wat ons doen kan dit verbeter of vervang nie. Daarom bely ons: **Die geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom is egter 'n genadegawe van God**. Die Heilige Gees gee hierdie vasstaande kennis en vaste vertroue vir 'n mens in deur die verkondiging van die evangelie. Vir die natuurlike mens bly die kruis egter 'n dwaasheid (1 Kor 1:18).

Ongeloof veroorsaak dat 'n mens onder die toorn van God is. Ons sonde en sondige geaardheid maak dat ons as kinders van die toorn gebore is. En om dit alles te kroon is ons vanweë ons sonde ook nog dood, sê die Here. 'n Dooie kan nie begin asemhaal nie. 'n Ongelowige kan nie sommer net begin glo nie tensy die Heilige Gees deur die verkondiging van die evangelie die wedergeboorte in so 'n mens tot stand bring. Die geestelik dooie mens moet eers geestelik opgewek word sodat sy oë kan oopgaan om God en Christus te leer ken. Daarom is die verlossing deur Christus, die geloof in Jesus Christus en die hoor van die evangelie waarin Christus verkondig word geheel en al die liefdeswerk en genadewerk wat God aan mense doen wat dit hoegenaamd nie verdien nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 62:5, 8 (p. 302)

- 5 In God is al my heil, my eer, / my sterke rots en teëweer.  
God is my toevlug in die lewe. / Vertrou op Hom, o volk, in smart  
stort voor Hom uit jul hele hart, / God is 'n skuilplek, hoog verhewe.
- 8 'n Godspraak ruis my in die oor. / Twee woorde het ek toe gehoor:  
“By God alleen is sterkte en kragte!” / “Ook is by U die goedheid, HEER!”  
Dus is daar vir die sterfling weer / vergelding na sy werk te wagte.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

**Katkisasieopening**

Psalm 145:1, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
31 Mei 2015